NGUNI Beestelersgenootskap
Cattle Breeder's Society

Tel: 051 448 7302/3 • Fax: 051 448 7304
Posbus/P.O. Box 506 Bloemfontein 9300
Email: info@ngunicattle.info • Web: www.ngunicattle.info

Beste Nguniteler

Hiermee terugvoering oor die afgelope naweek se verrigtinge tydens die Nguni Beestelersgenootskap se AJV 2014 te Sandstone Sleeper Estate.

Inspekteursopknappingskursus

Die kursus is bygewoon deur 32 inspekteurs en aangebied deur Archie du Plessis.
Administrasie probleme en die groeipyne met die oorskakeling na 'n "onafhanklike kontrakteur" is hoofsaaklik aangespreek. Die rasstandaarde en raseienskappe is bespreek, waarna meningsverskille bespreek is. Die feit dat daar geen appèlinspeksies aangevra is ná afloop van die jaarlikse inspeksies nie, is net 'n bewys van die goeie standaarde wat gehandhaaf word deur die inspekteurs.

Simposium: Vestiging van 'n alternatiewe bemarkingstrategie vir Nguni-beeste

Verskeie sprekers het die simposium ingelei, met aanbiedinge oor "Waardekettingbemarking" – Michael Duckitt en Carlo Peacock, "Osstelsels" – prof. Frikkie Neser en "Hotelstelsel-voerkrale" – Gys Jooste. 'n Gesprek het gevolg met deelname deur die gehoor, waartydens meningsverskille en frustrasies oor die huidige probleme in die bedryf hanteer is.

Opsomming:

- Die Nguni-genootskap moet leiding neem om in gesprek te tree met ander inheemse rasse se genootskappe om die moontlikheid te bespreek om 'n "Sanga-vleisbees" as handelsmerk te vestig vir die plaaslike en uitvoermark.
- 'n Besluit is geneem om 'n opname van die getal kommersiële Nguni-telers te maak.
- Die belangrikheid van die vestiging van 'n sterk kommersiële mark, veral vir die Nguni-moederlyn, is ook beklemtoon vir die voortbestaan van die ras.
- Verskeie bemarkingsalternatiewe is moontlik vir die Nguni-teler, soos:

  1. Osstelsel, wat die geleentheid bied om vleis direk vanaf die veld te bemark.
  2. Hotelstelsel-voerkraal, wat die geleentheid bied om 'n groter aandeel in die uitgebreide wins te kry
  3. Terminale kruisteling, om speenkalwers vir die bestaande vleisproduksiestelsel vanaf 'n suiwer Nguni-moederlyn te lewer.

Al bogenoemde moontlikhede bied elk sy eie uitdaging. Telers sal self moet verantwoordelikheid neem om die besluit te neem oor watter geleentheid hulle spesifieke omstandighede pas.
Die Nguni-telers is versprei oor die land en uitdagings en omstandighede verskil van gebied tot gebied. Telersgroepe en klubs sal die inisiatief moet neem en in 'n spesifieke gebied moet saamwerk om projekte vir bemarking te vestig.

Die hoofdoelwitte van die Nguni-beestelersgenootskap is om die ras te beskerm, te bevorder, te bemark en te bewaar. Die Nguni-genootskap is 'n niewinsgewende instansie wat nie die magte het om finansiering te doen nie, maar wel fondse beskikbaar kan stel vir navorsing en bemarking. Die raad is egter in gesprek met finansieringsinstansies om vennootskappe te vestig vir projekte wat deur sy telers geloods word.

Die simposium het net weer eens beklemtoon dat Nguni-telers frustrasie ervaar oor die uitbuiting en diskriminasie deur die mark. Die Nguni-ras bied egter soveel geleenthede wat ander grootraamrasse nie het nie. Telers word versoek om asseblief die genootskap behulpsaam te wees om 'n databasis op te stel vir kommersiële Nguni-telers deur sulke telers se besonderhede aan die kantoor te stuur.

Dinee

Ongeveer 120 mense het die spesiale geleentheid bygewoon. Daar is heerlik geëet, gedans en gekuier, met Zak Steyn wat die vermaak verskaf het. 'n Trofee vir die beste klub is ook aan die Kalahari Nguni-klub oorhandig.

15 November 2015 – AJV 2014

Die vergadering is toegespreek deur Gerrit van Zyl, wat sy positiewe ervaring met diere-aantekening gedeel het. Hy het die vergadering daarop gewys hoe hy sy produksie en die wins in sy sak verbeter het.

Tydens die vergadering is die volgende besluite geneem:

- Die volgende AJV sal voorafgegaan word deur 'n besprekingsessie wat die finansies, begroting en punte op die agenda sal debatteer. Daarna sal die AJV amptelik geskied en besluite formeel bekragtig word.
- Die volgende AJV sal op 'n Vrydagmiddag gehou word.
- Grondwetwysiging klousule 4. Lidmaatskap: 'n Addisionele lid kan 'n kommersiële Nguni-teler of belangstellende persoon wees wat slegs alle kommunikasie kry en vergaderings bywoon, maar geen stemreg het en ook nie in die raad mag dien nie. Hierdie punt sal tydens die volgende raadsvergadering geformuleer word.
- Die besluit is ook geneem om die sluitingsdatum vir die indiening van die voorafontwerpte advertensies van die Joernaal na 15 Februarie 2015 te verskuif. Foto's vir advertensies wat deur PVC ontwerp word, moet voor 30 Januarie 2015 ontvang word.

  Kennis is ook geneem van 'n punt deur Michiel van Niekerk (Jnr) oor die bemarkingstrategie van die Nguni-genootskap.

  Archie du Plessis en Pat Hobbs is tydens stemming as raadslede herkies.

  Die vergadering verdaag om 10:30.

Nguni Raad